
# 306 My God hoe swak en hoe ontaard




Maar U het my u guns betuig, die sondaar begenadig;
my trotse wil het U gebuig, en só my siel versadig.
In Christus het ek heil gevind, is deur geloof aan U verbind
om U te dien in liefde.

Verbreek in my voortdurend, Heer, die neiging tot die sonde;
maak my in Christus altyd weer aan U alleen verbonde.
En maak my lewe: kragtig, goed, dat ek opreg in my gemoed,
godvrugtig voor U lewe.

Johann A. Cramer (1723-88) P. Sohren (1630-92)